

Jong ondernemer Jeugskou se trots

Haar liefde vir diere, die plaaslewe en die behoefte om 'n diens aan hulle gemeenskap te lewer, het 'n deelnemer van Noordwes op die nasionale jeugskou op Vryburg laat uitblink.

Ondernemerskap vloei dik in die are van **Ilana Pietersen**, 'n leerling aan die Hoërskool Vryburg. Sy het Brahmanbeeste begin aanhou vir die beskikbaarstelling aan mede-deelnemers aan jeugskoue.

Groot opwinding, geesdrif en mededinging is onder die deelnemers aan vanjaar se 15de nasionale jeugskou van Mutual & Federal Agri ondervind.

Die afgelope twee jaar is die nasionale byeenkoms by bekende landbouskole aangebied, maar vanjaar het al tien provinsies sake op Vryburg se skouterrein, wat uitstekend vir groot getalle diere ingerig is, uitgespook.

Dit is heel gepas dat **Noordwes**, en veral **Vryburg** wat as die **Vleisbeesmekka van Suider-Afrika** beskou word, die senior span opgelewer het wat in die vleisbees-groepklas koning gekraai het: Juné Bester, Ilana Pietersen en C.J. le Roux.

Ilana se liefde vir die natuur en diere kom ook van kleins af. Sy skryf haar liefde vir diere toe aan 'n eenvoudige fyn aanvoeling vir dié lewende wesens. Hierdie liefde het verder op hulle huurgrond en later ook op die grond in die distrik Vryburg van pa Donnie en ma Maxie ontwikkel waar hulle deelyds kommersieël met Simbra-tipe beeste boer.

Haar belangstelling in die jeugskoudeelname is dadelik in 2010 geprikkel toe sy die eerste keer daarvan te hore kom. Sy is ook toe in dieselfde jaar in Noordwes se jeugskou ingesluit wat in Morgenson aan die nasionale byeenkoms deelgeneem het.

“Ons het 'n bul geleen waarmee enige deelnemer van die Noordwes-span kon skou,” vertel sy. “Ons afrigters het ons die keuse gelaat of ons met 'n bul of 'n vers wou skou.”

Sy vertel hoekom haar uiteindelige keuse op die bul geval het: “Vyfuur die oggend toe die afrigter wakker word, het hy my by die bul aangetref waar ek met hom gesit en praat het. Dit was my eerste kennismaking met hom, maar ons twee het net dadelik gekliek.” Die uiteinde hiervan was 'n vierde plek in die vleisbees-hantering, wat haar geesdrif vir jeugskou-deelname verseël het.

Sy het haar pa die daaropvolgende jaar gesmeek om vir haar haar eie dragtige Brahman-koei aan te skaf. Sy het weer 'n vierde plek in die nasionale byeenkoms behaal, wat in 2011 op Vryburg aangebied is. Haar koei se bulkalf is in 2013 as skoudier ingespan, asook die daaropvolgende jaar tydens die nasionale jeugskou op haar tuisdorp.

Vir haar laaste jaar as junior deelnemer het sy in 2012 tydens die Nasionale Jeugskou op Clanwilliam 'n bul van mnr. Hennie Jacobs van Wolmaransstad gebruik om die vleisbees-afdeling in haar ouderdomsgroep te wen.

Sy en haar broer Donovan het 'n stoetery, **Terenus-Brahmane**, in 2012 begin toe hulle ouers 2 dragtige koeie met verse (3 in 1), asook 'n vers aangeskaf het. “Ons hou baie van rooi Brahmane en daarom is alles wat ons gekoop het, net rooi.”

Die stoetnaam verwys na die Latynse woord vir jeug en hulle leuse is: “*Ons bevorder landbou deur jeugskou*”.

Een van die oogmerke met die stoetery was om beeste te voorsien aan jeugskou-deelnemers wat nie hulle eie beeste het nie. Dié mikpunt is tydens die Nasionale Jeugskou verlede jaar op Kroonstad en vanjaar op Vryburg verweselik toe hulle beeste deur die Noordwes-span gebruik is.

Ilana se gunsteling-dier is die **bul Vryburg**, wat as kalf saam met sy ma en nog 'n bul op 'n veiling aangeskaf is. “Met die eerste oogopslag was ek op Vryburg verlief,” sê sy oor die buitengewone band van vertroue wat tussen hulle ontstaan het.

Sy het die vierde plek met hom aan die halter by die Kroonstadse byeenkoms beklee. “Dit was die wonderlikste gevoel ooit. Verder het een van die ander Noordwes-deelnemers ook met een van ons bulle geskou,” sê Ilana.

Drie van hulle beeste is ook tydens die afgelope Vryburg-byeenkoms gebruik. “Ek was so trots op ons diere. Veral toe ons die senior groepklas vir vleisbeeste gewen het. Dit was 'n groot oomblik vir my, veral toe ek en Vryburg as naaswenner op dieselfde byeenkoms aangewys is.”

Ilana vertel dat haar bul 'n gematigde temperament het. “Vryburg is my beste maat. Ek lê op sy rug en slaap. Soms sit ek by hom dan slaap hy met sy kop op my. Enige kind kan met hom loop of aan hom raak,” sê sy. Tydens die afgelope nasionale jeugskou 2014 het 'n ma namens haar seuntjie gevra of hy aan die bul kan raak. “Ek het hom toegelaat dat hy Vryburg selfs 'n drukkie gee. Dit is wat ek wil bereik.”

Sy en Donovan wil graag hulle beeste haltermak en skougereed hou. “**Een van ons ander mikpunte is om die rooi Brahman-bulle weer aan die kommersiële boere van Vryburg bekend te stel.** Die boerderygemeenskap is volgens haar meer met wit Brahmanbulle bekend.

Ilana se volgende mikpunt is dié van beoordelaar op jeugskoue waar sy haar kennis en liefde met die volgende geslag kan deel.

Haar raad aan ander deelnemers en diereliefhebbers is: “As jy 'n behoefte het om iets te vermag, doen dit. Motiveer jouself en streef daarna om jou drome uit te leef. Ek pak alles aan met die wete: *If you give it your all, you've already won.*”